**Van Asselt, W J, Pleizier, T T J, Rouwendal, P L & Wisse P M 1998 – Inleiding in de Gereformeerde scholastiek**

Zoetermeer: Boekencentrum. 210 Bladsye. Prys: Bfr.750

**Resensent: Dr Johann Beukes (Kriel)**

In die tydperk na die Reformasie het die gereformeerde teologie verskeie omwentelinge en klemverskuiwings beleef. Verskeie universiteite is daarom in die laat sestiende en sewentiende eeu in Nederland gestig waar die gereformeerde teologie akademies "nuut" bedryf en genuanseer kon word. Tipiese universiteitsteoloë soos Gisbertus Voetius (1589-1676) van Utrecht het 'n enorme invloed uitgeoefen op die verstaan en bedryf van hierdie nuutgenuanseerde verskynings van gereformeerde teologie. Sommige universiteitsteoloë het hulle teologie op sogenaamde "skolastieke" wyse ingerig: wat dít alles inhou en impliseer, het egter om 'n verskeidenheid van redes nie die aandag en oorweging geniet wat dit in alle waarskynlikheid (steeds) toekom nie.

Hierdie uitstekende inleidingswerk van Van Asselt en drie doktorale studente poog om die gereformeerde skolastiek, soos wat dit later bekend sou staan, van sodanige oningeligtheid en bevooroordeeldheid te rehabiliteer. Die outeurs doen moeite om die belangrikste ontwikkelingslyne en gevestigde oortuigings in die gereformeerde skolastiek te herwaardeer, asook tipiese probleme waarmee gereformeerde skolastici te make gehad het, onder loep te neem, waaronder Arminianisme en Socianisme. Verder word ook aandag geskenk aan die eietydse relevansie van die skolastieke metode en poog die outeurs om hardnekkige besware teen die skolastiek vanuit eietydse raamwerk te hanteer.

Normaalweg word die begrip "gereformeerde skolastiek" (negatief) geassosieer met die rigiede implementering van die grondgedagtes van die evangelie in die statiese kategorieë van die Aristoteliese filosofie, spesifiek gedurende die sewentiende eeu. Die verruimende aard van die Hervormingsteologie word waargeneem as deur hierdie statiese bedryf gekompromiteer. In stede van die vars Hervormingsboodskap van Calvyn is teologiestudente met 'n dor en rigiede sisteemkennis die kerk ingestuur, met as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

resultaat 'n statiese en skematiese geloof onder kerkmense wat lewensontkennend, selfs lewensveragtend was. Boonop sou die rasionalisme hiermee 'n voet in die kerkdeur kry, tot groot skade vir die destydse kerk en teologie.

Die waarde van hierdie inleidingswerk is dat dit hierdie voorstelling van die gereformeerde skolastiek uitwys as sou dit histories en sistematies op 'n misverstand berus. Die outeurs gaan terug op die historiese oorspronge van die verskyning van skolastiek vanaf Aristoteles self (p 31ev), deur na Augustinus (p 47ev), die Middeleeuse skolastiek (p 54ev), die skolastiek tydens die Reformasie self (p 67ev), skolastiek tydens die sogenaamde "vroeë" (1560-1620), "hoë" (1620-1700) en "laat ortodoksie" (1700-1790; pp 91-161), uiteindelik deur na Schleiermacher, Hegel, Bizer en Barth (p 18 ev) en die reaksies van Bavinck, Heppe en Schneckenburger daarop (p 20 ev). Hierdeur kry 'n mens nie net deeglik insae in die skolastieke tradisie en metode nie, maar leer daarby heelwat van die Europese en veral Nederlandse teologiegeskiedenis self. Hierby moet bygevoeg word dat die vier outeurs saam en onderskeidelik boeiend, toeganklik en onderhoudend skryf. Van die bydraes in hierdie werk is werklik uitstaande: Pleizier en Wisse se bydrae oor Aristoteles tel onder die beste wat 'n mens maar oor Aristoteles kan lees – en neem 'n mens die enorme omvang van selfs eietydse, sekondêre Aristoteles-literatuur in aanmerking, is dit 'n kompliment.

In hulle rehabilitasie van die gereformeerde skolastiek wys die outeurs verskeie misverstande, selfs feitefoute uit, waaronder die volgende: Skolastiek is geensins 'n teologievorm wat slegs deur "streng" gereformeerdes beoefen is nie: ook Lutherse en Rooms-Katolieke teoloë was in die tydperk na die Reformasie druk met hierdie vorm van teologiebeoefening besig, in so 'n mate dat die outeurs daarvan wil praat as 'n "ekumeniese onderneming" (p 1). Bowendien is skolastiek nie alleen in die sewentiende eeu beoefen nie: dit was reeds vanaf die elfde eeu die mees grondliggende vorm waarin die Westerse kerk haar teologie gegiet en beoefen het. Die skolastieke metode is ook met vrug in ander wetenskappe geïmplementeer, wat daarop dui dat "skolastiek" waarskynlik eerder aan ('n) metodologie as noodwendig aan 'n spesifieke soort inhoud of retoriese styl gekoppel behoort te word.

'n Leemte in die werk is egter die afwesigheid van 'n verrekening van die effek wat die postmoderne filosofie op die resepsie van Aristoteles, die Aritoteles-tradisie en daarom op begrippe soos "kennis", "die goeie" en "die waarheid" het. Ek vind dit trouens onverstaanbaar dat die outeurs die ruimte wat die postmoderne filosofie bied vir onder meer die rehabilitering van dit wat sosio-histories verlore en/of vergete geraak het, nie hier implementeer het nie. Dit sou die aktualiteit van die werk aansienlik verhoog het. Die student wat die werk lees, word nêrens onder die indruk gebring van die radikaliteit en diepgang van die effek van die postmoderne op die verhouding tussen filosofie en teologie nie. Dit geld veral die feit dat postmoderniteit 'n oop en wedersyds toeganklike verhouding tussen teologie en filosofie bewerkstellig het met die premisses van interafhanklikheid en die transversaliteit van belang – eerder as die *dictummatige* konsepdwang waarmee die Aristoteliese filosofie en die moderne resepsie daarvan die verhouding tussen teologie en filosofie subordinerend ingerig het.

Nietemin bly hierdie 'n uitstekende inleidingswerk oor 'n moeilike en problematiese verskyningsvorm van die teologie na die Reformasie. Hierdie boek sorg vir 'n deeglike kennismaking met 'n belangrike episode uit die teologiegeskiedenis en maak die aansprake, hoogtepunte en laagtepunte van die gereformeerde skolastiek vir 'n breë leserspubliek toeganklik.

*Dr W J van Asselt is universiteitsdosent in die geskiedenis van die Gereformeerde Protestantisme aan die Universiteit van Utrecht. T T J Pleizier is 'n doktorale student in die Fakulteit Teologie aan die Univer-siteit van Utrecht. P L Rouwendal is 'n doktorale student in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Utrecht. Dr P M Wisse is 'n navorser in godsdiensfilosofie aan die Universiteit van Utrecht.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services